

Tradisies wat mense van God vervreem

'n Afvaardiging Fariseërs en skrifgeleerdes vanuit Jerusalem beskuldig Jesus van nalatigheid ten opsigte van die reinheidstradisie rondom eetgewoontes. Deur hierdie nalatigheid is hulle oënskynlik besig om hulleself buite die volksgebruike oor reinheid en heiligheid te stel. Met hulle beskuldiging probeer die Fariseërs nie alleen om Jesus ondergeskik te stel aan tradisies wat nie op die Woord berus nie, hulle probeer ook aantoon dat Hy geen aanspraak op die volk het nie, omdat Hy hulle tradisie nie nakom nie. As Jesus antwoord, maak Hy dadelik die kern van hulle aanslag duidelik. Wat hier ter sprake is, is eerbied vir God wat ontbreek as jy die tradisie gebruik om sy wil te onttrag. Omdat hulle daarom besig is om die volk te mislei tot tradisie-diens, bly hulle blinde leiers wat die Messias nie raaksien nie. Wat egter sneuwel deur hulle optrede is dié gebod van God: liefde tot Hom met jou hele hart en met al jou krag. Om hierdie rede roep Jesus die skare weg van hulle blinde leiers af (vers 14) en maak duidelik dat die hoofsaak innerlike reinheid is. Hy trek ook 'n streep deur al die wette oor rein en onrein kos, want dit is nie kos wat die mens rein of onrein maak nie, maar die gesindheid van die hart. Uiteindelik is dit die harte van hierdie godsdiensteleiers wat vol bedrog en haat en moordplanne is wat hulle onrein maak.

Sonder tradisie val enige samelewing gou uitmekaar. Die vraag is net of ons nog ons eie tradisies toets aan God se Woord. Bring daardie tradisies waaraan jy so vashou jou nader aan Hom, of vervreem dit jou dalk van Hom?

Sing: Psalm 119:20

Ds BC Smit (Brits-Wes)